



NG Kerk Randburg

groeï. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za

Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za

Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com

<http://www.ngrandburg.org> / [facebook.com/ngkerkrandburg](https://www.facebook.com/ngkerkrandburg)

22 Maart 2020

COVID 19 EN RANDBURG

1. Ons **ondersteun die inisiatiewe** van die Regering ten volle en aanvaar dat die beperking van sosiale kontak een van die belangrike waardes in hierdie tyd is.
2. Ons roep lidmate op om met **groot verantwoordelikheid en selfbeheersing** op te tree tot hul eie gesondheid asook kundigheid oor die pandemie en moontlike benadeling van ander.
3. Ons wil **binne ons konteks reëlings tref** om ons eie waardes van groei, sorg en dien te laat voortgaan in hierdie onseker en ontwrigtende tyd.
4. Die dagbestuur het gevolglik die **volgende keuses geskep** om te enersyds te verseker dat so min as moontlik lidmate uitgesluit word van die gemeentelike lewe in dié tyd maar ook om ruimte te skep sodat lidmate in verantwoordelikheid keuses sal maak.
5. **Sondag 22 Maart se keuses** lyk só en sal heroorweeg word nav gebeurde in ons land:
 - 5.1 Die kerkgebou is van 07:30 – 08:30 beskikbaar vir lidmate wat die ruimte wil gebruik vir 'n stilword-liturgie met musiek. Dit sal ruimte skep vir Woord-gedagtes en aanbidding. Dit behoort sowat 20 minute te neem en die gebou word verlaat as die persoonlike proses afgehandel is. Daar sal koffie op die kuier stoep wees.
 - 5.2 Die **09:00 erediens in 'n beperkte vorm** skep ruimte vir 100 mense in die kerk en 100 in die saal. Dit is geskik om veilige afstande tussen mense te handhaaf. Die saal sal net klank en nie beeld hê nie.
 - 5.3 'n **Klankopname** van die erediens word na afloop op YouTube (NG Randburg) en die WhatsApp Invite-groep (<https://chat.whatsapp.com/LfOFFr7pZamF4BL7jJ2TOd>) gelaai. Lidmate kan daarby aansluit indien so verkies.
 - 5.4 'n **Tuis-gesprekstuk** met erediensgedagtes vir 'n gesinsgesprek word Sondag voor die erediens op die webblad (<https://ngrandburg.org/die-woord-by-die-huis/>) gelaai.
6. **Paasaweek** sal so sinvol as moontlik ingeklee word. Die reëlings volg mettertyd.
7. Hierdie aanpassings skep natuurlik die risiko van **verminderde erediens-inkomste**. Ons glo dat ons lidmate soos altyd op beskikbare maniere steeds die verantwoordelikheid sal nakom.
7. Die onsekerheid wat met die huidige situasie gepaard gaan, stel enorme uitdagings aan almal van ons en daarom wil ons in hierdie dae ook spesiaal vir mekaar bid. Kom ons help mekaar deur nie met vrees te leef nie, maar eerder met ontferming en verantwoordelikheid daar te wees vir mekaar. Die pastorale versorging gaan voort tmv die beperkings. Kontak ds Servaas asb.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. Program vir die volgende weke

29 Mrt	Lydenstyd 6
5 Apr	Groot Lydensweek ...
10 Apr	Goeie Vrydag 09:00 (Nagmaal)
12 Apr	Paasfees 09:00

2. Datums om te merk in die kwartaal wat kom:

- **5 Weke van Wintersorg** begin op **Sondag 17 Mei**. Elke week fokus op een van die aksies met wie ons as Voetspore-projek saamwerk. Meer inligting volg later.
- **Kuier- en Proe-aand** ... waar ons kook en kuier ... **Vrydagaand 29 Mei**. Haal solank daardie resepte uit wat almal altyd vra. Merk die datum nou reeds.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR



23/03 Manie Beukes, André Combrinck, Chanté de Lange, Johan Grobler, Fanieta Pauw

24/03 Dawie Brand, Carolien Heyes

25/03 Louse Kritzinger, Lynette van Huyssteen

26/03 Stephan van der Walt

27/03 Brian Beck

28/03 Tina Davies, Angelique Kemp, Zani Prinsloo, Franci Rossouw

29/03 Rian Steenkamp

30/03 Letitia de Lange, Linda McQueen

31/03 Blondie van Heerden

01/04 Magda Lombard, Werner Strauss, Magda van der Merwe, Roelf van Rooyen

02/04 Tommie de Lange, Charl de Leeuw,

03/04 Riaan du Plessis, Kyla Kemp

04/04 Ariana Havenstein, Suzette Nieman

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes:** **Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Pam Gouws** (082 631 0140), **Di Hart** (083 226 5486), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hein Smit** (078 408 5318), **Fanie Grobler** (083 659 5833), **Leon Mereis** (079 490 0853), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339) en **Johan Kemp** (072 085 1222).

2. Operasies en gesondheidsprobleme:

- **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ondergaan weer intensiewe chemo-terapie.
- **Herstel van operasies:** **Rita de Lange** (083 415 5655) – skouer-vervanging; **Leandi Greeff** (083 383 7351) – heup-vervanging; **Maureen Lottering** (083 377 4749) – oog-prosedure.
- **Kobus Stone** (082 556 9874) is verswak en word tuis versorg.



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 22 Maart – 1 Samuel 16:1-13

1. **Stil word en aanbidding:** Neem die afgelope week in oënskou. Dink terug aan alles wat ons gehoor het oor die Corona-virus. Hoe voel jy nou daarvoor? Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid? Steek 'n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.
2. **Woord:** 1 Samuel handel oor die voorbereiding en die begin van die koningskap in Israel en eindig met die dood van Saul, die eerste koning. Dit bestaan uit drie dele of versamelingsverhale: Verhale oor Samuel en die ark (1:1–7:17); oor Samuel en Saul (8:1–15:35); en dan oor Saul en Dawid (16:1–31:13) waarin hulle in kontras met mekaar gestel word. In 1 Samuel 15:34–16:3 word spesifiek gewys hoe dit gekom het dat Dawid in die plek van Saul koning geword het. Dié verhaal beklemtoon dat die Here nie toegelaat het dat die koninkryk van Israel saam met die eerste, mislukte koning daarvan, tot 'n val sou kom nie. Die Here bly steeds aktief betrokke by Sy koninkryk. In die verhaal is dit dan ook **die Here, wat sien, stuur, kies en laat self**.
3. **Gesprek:**
 - In vandag se kulturele milieu is die standaard 'gewoon' - (*average*) – eenvoudig nie 'in' nie. Net sukses-stories haal die voorblad, rolmodelle is dikwels mense wat ook al so deur 'Photoshop' is dat hulle self nie weet wie hulle rêrig is of hoe hulle regtig lyk nie! Hoe moet Christene hieroor dink?
 - Gesels hieroor: *God werk met die volgende praktiese beginsel: Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.* (1 Sam 16 vers 7). *"Mense is meer besorg oor hul reputasie as oor hul karakter. Jou karakter (innerlike) is hoe jy regtig is en jou reputasie (uiterlike) is hoe ander dink jy is."*
 - Hoe wil hierdie verhaal ons help om anders na onself te kyk en ook te dink? God soek vir die "real deal"- die Here soek vir 'n man na sy hart" (1 Sam 13:14). Jy kan dalk nog ander bluf. Hy soek mense wat die 1 Joh 4:8 toets slaag, Die laaste toets gaan oor die **egte liefde** - nie oor die **regte leer** nie ...
 - En dan is dit ons ... God se kinders ... mense wat na ander mense kyk soos God na hulle kyk, want jy mag dalk net vir Jesus self miskyk. Dis na sulke mense wat God soek! Want deur gewone, egte mense doen God buitengewone dinge! Mense wat hulle afhanklikheid by God soek, wat loshande aan God vashou.
 - Dink hieroor: By ons doop word ons naam genoem en word ons gekoppel aan die Drie-enige God se name - in die Naam van die Vader, in die Naam van die Seun, in die Naam van die Gees - 'n teken dat ons gekies is deur God. Ja, dat God dink hierdie **niemand** van 'n baba is 'n **iemand**! Hy sien potensiaal raak in elke baba, elke mens ...
 - Raak vandag stil oor jou potensiaal wat God raaksien ... en jou bereidheid om daarvoor ja te sê ... ook in hierdie moeilike tyd in ons land ...
 - Bid saam ... daar is seker meer as genoeg waaroor ons kan bid!

ONS IS KERK BY DIE HUIS ... VIR DIE KINDERS



Waarom meet ons wat goed is?

Jy benodig 'n skaal en 'n maatband en 'n maatbeker en 'n botteltjie vol water 'n stukkie wol van omtrent 2 meter lank en 'n swaar gewiggie ('n *vysel of 'n swaar boek-stop sal werk*). Wys vir die kinders die botteltjie water die stukkie wol en die swaar gewiggie sonder om die meet instrumente te wys.

Vra vir hulle watter van die items die "meeste" is. [*natuurlik sal hulle nie kan weet nie want hulle weet nog nie met watter maat jy werk nie, maar por hulle aan om tog te raai wat die meeste is, want almal is reg en almal is verkeerd!*]

Haal nou die skaal uit en vra weer watter van die 3 items die meeste is – nou is dit die swaar gewiggie. Neem die maat beker en vra weer watter een is nou die meeste – nou is dit die botteltjie met water. Neem die maatband en rol die stukkie wol af – nou is dit die wol wat die kategorie van "meeste" wen!

Alles gaan oor die maatstaf of meet instrument wat ons gebruik wat bepaal wie wen. Maar die verhaal van in **1 Samuel 16:1-13** wys dat God met 'n ander maat werk as die mens. Gesels verder oor die verskillende "mate" waarmee ons ander mense meet ...

Kyk na een van die volgende **video's** om die waarheid te begryp:

<https://youtu.be/W07P3i5Yaak>

<https://youtu.be/UjJALzZ24H0>

<https://youtu.be/KN2yunRynks>

En luister dan saam na die **lied**:

<https://youtu.be/mkNhPboI-5Y>

IETS OM KINDERS SINVOL MEE BESIG TE HOU

'n Paar idees om kinders in die lang tyd van tuisbly mee besig te hou ... *hoop die data is genoeg.*

- <https://www.funbrain.com/>
- <https://pbskids.org/>
- <https://www.highlightskids.com/>
- <https://www.travelandleisure.com/attractions/museums-galleries/museums-with-virtual-tours>
- <https://www.abcya.com/>
- <https://classroommagazines.scholastic.com/support/learnathome.html>

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings
as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

**Gebruik SnapScan vir enige
betaling aan die gemeente.**

Laai die toepassing (app) met die
selfoon se *App Store* af of
besoek www.GetSnapScan.co.za
tuisblad.

